Verhale Van
Regoor die Wêreld

# ‘n Goeie Vriend

THINK
DIGITAL ACADEMY



# 'n Engelse Verhaal

Yasin se gesin het van Irak na Engeland verhuis toe hy net 'n jong seun was. Yasin wou nie sy huis in Samarra verlaat het nie, maar sy pa het gesê dat dit die beste vir die gesin was, want dit was nie meer veilig om daar te woon nie en hy wou hê dat sy seun in 'n land moet grootword wat alle mense aanvaar word.

Yasin se pa het vir hom gesê dat Engeland 'n multikulturele land was waar mense saam geleef en gewerk het ongeag van ras of godsdienstige oortuigings.



Alhoewel Yasin nie gelukkig was om Irak te verlaat nie, het hy hom gou in sy nuwe lewe in 'n groot stad genaamd Londen gevestig.

Londen was baie opwindend met sy hoë geboue en museums, en Yasin het veral van London se Planetarium gehou en die groot Teems se rivier met al sy ou brûe.



Yasin het selfs vriende gemaak met 'n seun wat langsaan gewoon het, genaamd Andrew.



Die hele somer het Andrew en Yasin in die park gespeel of saam met Andrew se ma na die dieretuin gegaan. Andrew het sy speelgoed en sy strokiesprente met Yasin gedeel en hom alles van sy gunsteling superhelde vertel.



Hulle het selfs 'n kamp in Yasin se agtertuin gebou waar hulle vir die grootmense sou weg gekruip het.



Die somer was 'n prettige tyd en jong Yasin het gou tuis gevoel in Londen al was dit 'n baie groot stad en nie naastenby so sonnig en warm soos in Samarra nie. Sy Engels het beter en beter geword, veral met hulp van Andrew, alhoewel daar baie woorde was wat Yasin nie verstaan het nie, het hy dikwels simpel gevoel omdat hy nie so goed Engels kon praat as wat hy sou wou hê nie.



Toe September uiteindelik aanbreek en die blare van die bome begin af val, het Yasin se pa verduidelik dat dit tyd was vir sy seun om skool toe te gaan. Yasin was sewe jaar oud, so hy sou na jaar drie van die plaaslike laerskool gegaan het - dieselfde jaar as sy vriend Andrew!



Alhoewel Yasin baie senuweeagtig was om skool toe te gaan, het sy pa en ma hom verseker dat dit 'n prettige plek sou wees waar hy baie nuwe vriende sou ontmoet en baie interessante nuwe dinge sou leer.

‘Engelse skole is veronderstel om baie goed te wees,” het Yasin se ma gesê.

‘En jou Engels sal in ’n japtrap beter word,’ het sy pa hom verseker.



Yasin was steeds nie oortuig nie, maar toe Andrew die oggend met 'n groot glimlag op sy gesig aan die deur klop en gesê hoe lekker dit by die skool gaan wees, het Yasin baie beter gevoel omdat hy sy vriend vertrou het.



Die twee seuns het tot by die skoolhekke gesels. Andrew het vir Yasin vertel van die speelgrond en wie die beste onderwyser was en watter seuns baie pret was en watter meisies mooi was en hoe hulle gereeld vla vir nagereg tydens etenstyd bedien het. Yasin het nie geweet wat vla was nie, maar Andrew het baie opgewonde daaroor gelyk so Yasin het gedink dit moet baie lekker smaak.



Maar toe die seuns by hul klas aan kom, het dinge nie verloop soos Yasin hom voorgestel het nie. Die onderwyser het vir Andrew gesê om voor in die klas te gaan sit terwyl sy Yasin aan die res van die kinders voorgestel het.



Hy het nie daarvan gehou om voor die klas te staan nie en een seun het geskree dat hy 'n stinkende buitelander was. Die seuns en meisies het almal gelag, en toe het 'n ander seun met Yasin se aksent gespot toe hy gevra was om sy naam te sê en waar hy vandaan gekom het.

‘Ek kan hom nie verstaan nie, juffrou. Hy kan nie eers Engels praat nie,’ het die vieslike seun gesê.



Uiteindelik was Yasin toegelaat om agter in die klas te gaan sit, maar hy het gewens dat hy langs Andrew gesit het, want hy voel baie alleen. Die meisie wat langs hom gesit het, het op 'n vreemde manier na hom bly kyk wat Yasin ongemaklik gemaak het, en tydens die les het sy haar hand opgesit en die onderwyser gevra of sy plekke kan skuif. Yasin het nie verstaan wat hy gedoen het om die meisie aanstoot te gee nie.



Toe die klok lui, was dit tyd om uit te gaan na die speelgrond. Al die kinders het hul boeke toegemaak, hul jasse aangetrek en by die deur uitgegaan na die helder herfssonskyn. Die onderwyser het Yasin vir 'n oomblik teruggehou en vir hom 'n kenteken gegee met sy naam op wat sy aan sy trui vasgespeld het.

‘Daarsy!” het sy met 'n glimlag gesê. 'Nou sal al die kinders jou naam kan leer.’



Yasin het gedink dat die kenteken dom gelyk het, en toe hy by die speelgrond uitgegaan het, het al die kinders begin na hom wys en lag.

‘Jy het 'n meisie se naam,' het 'n klein seuntjie met rooi hare gesê.

Yasin wou verduidelik dat dit nie 'n meisie se naam was nie, maar hy was te senuweeagtig. Wanneer Yasin senuweeagtig geraak het, was sy Engels nie baie goed nie en die woorde het altyd in sy keel vasgesit. Hy was baie hartseer en wou uit die speelgrond terug hardloop na sy ma en pa toe en nooit weer terug skool toe gaan nie.



Maar net toe hy wou hardloop, hoor hy 'n bekende stem.

‘Hi Yasin.’ En toe hy opkyk staan Andrew daar reg langs hom.

Andrew kyk na die kinders wat daar saamgedrom is en skud sy kop. ‘Wat is fout met julle?’ het hy gevra. 'Ek het vir my vriend Yasin gesê die skool was lekker. Hoekom bederf julle dit vir hom?’



‘Hy is anders,” het ’n baie lang meisie gesê wat voor in die skare gestaan het.

‘Jy ook,” het Andrew gesê. ‘Jy is die langste meisie in die hele skool en jy hou nie daarvan as mense jou spot nie, of hoe?’

Toe kyk Andrew na die seuntjie met die rooi hare. "En jy, hou daarvan as mense vir jou sê jy het meisie hare?" het hy vir die seun gevra. 'Ons is almal anders en dit is wat ons interessant maak. Hoe sou die lewe wees as ons almal dieselfde was?’



Daar was stilte onder die kinders.

Toe lig Yasin sy kop hoog. "Vervelig," het hy gesê met 'n glimlag.

‘Dis reg!’ het Andrew uit geroep en gee sy vriend se glimlag terug. 'Regtig vervelig!’



En met dit het al die kinders begin lag.

‘Regtig vervelig,’ het hulle vir mekaar gesing.

Andrew het verder verduidelik hoe hy die somer saam met Yasin deurgebring het, hoe hulle saam 'n kamp gebou het en in die park gespeel het, en hoe Yasin Batman bo Superman verkies het, en hoe hy regtig anders was omdat hy nie eens van worsbroodjies gehou het nie.!



Die kinders het almal nog meer gelag en kort voor lank het almal gepraat oor al die dinge wat hulle van mekaar verskil het. Peter Jenkins het selfs sy trui opgelig en vir almal 'n groot pers geboortevlek aan die voorkant van sy maag gewys.

‘Dis nou wat ek anders noem,” het hy triomfantlik gesê. 'Ek wed nie een van julle het 'n groot geboortevlek soos myne nie!’



Toe pouse verby was, het Andrew sy hand in die klas opgesteek en aan die onderwyser voorgestel dat hulle die les moet spandeer om te praat oor hoe wonderlik dit is dat almal so verskil van almal en hoe mense van regoor die wêreld na Engeland gekom het om 'n nuwe lewe begin net soos sy vriend Yasin.



Die onderwyser het saamgestem dat dit belangrik is om 'n individu te wees, en sy het ook gesê hoe wonderlik dit is dat die hele Brittanje so 'n multikulturele eiland is.



Yasin het hierdie twee woorde in sy boek neergeskryf en homself belowe dat hy albei sal leer en altyd sal onthou. Hy het ook die woord 'vriend' in sy boek neer geskryf. Hy het geweet wat dit beteken, maar hy wou dit net neerskryf omdat hy so gelukkig gevoel het om 'n goeie vriend soos Andrew te hê wat opgestaan het vir mense en hulle nie oordeel net omdat hulle anders was nie.




THINK
DIGITAL ACADEMY